

Dinsdag 7 April

Skrifgedeelte: Lukas 7:11-17

Fokusgedeelte: Lukas 7:13, 16

Die Here se koninklike almag waarborg die lewe

'n Begrafnisstoet verander in 'n feestelike optog. Die geheim is opgesluit in die woorde: "En toe die Here haar sien, het Hy innig jammer vir haar gevoel."

Dit is die eerste keer dat Lukas na Jesus verwys as die "Here". Vir die ou Grieke beteken die woord: om oor iets of iemand mag te besit; om volle beskikkingsreg of reg tot beheersing te hê. Die jammerte van Jesus kom dus van Hom wat tegelyk ook Here is wat alleen die lewe, wat deur die sonde en dood verwoes is, kan herstel.

Volgens Joodse gebruik sou Jesus en sy gevolg langs die pad moes staan om die begrafnisstoet te laat verbygaan. Die dood kry voorrang. Daar is mos niemand wat teen dié mag sy lewe kan behou nie. Behalwe waar Jesus, die Here, die Vors oor die dood is. Waar Hy is, moet die dood stop en kry die Lewe die reg van deurgang.

Die dood het 'n groot offer van haar geneem. Maar dis asof Jesus vir haar sê: Jy moet nie ween nie. Ek, Jesus, die Here, is self die bewys van 'n groter offer as joune. God die Vader het sy eniggebore Seun nie gespaar nie, maar Hom juis vir jou en vir baie wat soos jy vasgevang is deur die angste van die dood, oorgelewer tot in die dood. Christus het die dood oorwin. Daarvoor het Hy die toorn van God oor ons sonde op Hom geneem. Die angel van die dood is nou vir elke Christengelowige weggeneem. Die dood is nou net 'n deurgang na die ewige lewe.

Jesus is Here ook terwyl ons lewe. Soos Jesus die opgestane seun aan sy moeder teruggegee het, so gee Hy ook vir jou die nuwe lewe wat Hy verwerf het, terug. Jy kan die toekoms met nuwe hoop aanpak. Dit is 'n nuwe lewe waar ons verlos is van die mag van die sonde, en waar ons met vreugde en hartelus volgens die wil van God lewe.

Sing: Psalm 23-1:1

Ds. SA Cilliers (Sarel) (Emeritus)